Moedergemeente Stellenbosch
Familiebediening

# Beginpakket vir Familieomgeegroepe




MOEDERGEMEENTE Stellenbosch

# Familieomgeegroepe

## "Só maak mens!"

**Ons droom...**

- Van families waar geloof nie net 'n deeltjie van ons lewens is wat niks te make het met die res van ons lewens nie, maar waar geloof die kern van ons families is wat alles bepaal wat ons doen én hoe ons dit doen.
- Van families waar
  - Kinders en ouers mekaar help om te glo
  - Ons mekaar waardeer
  - Ons ons familiestories beleef as God se storie
  - Ons weet watter soort familie ons wil wees
  - Ons tyd maak vir mekaar
  - Ons familiefeeste en –tradisies het wa ons help om te glo
  - Ons die Bybel op nuwe maniere lees
  - Ons as families betrokke raak by mense in nood
- Van familiegroepe waar ons vir mekaar "uitgebreide" families kan wees en mekaar kan herinner en help om families te wees wat die Here dien.

**Só wil ons dit doen:**

- 'n Familieomgeegroep bestaan uit drie tot vyf gesinne en wil ook enkellopendes, enkelouers en oumas en oupas insluit.
- Die groepe kom twee- tot vierweekliks by huise bymekaar en elke groep bepaal sy eie ritme.
- Elke groep het 'n sameroeper wat leiding neem in die byeenkomste, maar almal is betrokke en elkeen het 'n funksie.
- Die familiebediening voorsien elke twee weke 'n riglyn vir die volgende byeenkoms.
- Die kinders is volledig deel van die groepe. Aan die begin van die byeenkomste is hulle by wanneer saam gesing en gebid word en daar is elke keer 'n kinder-aktiwiteit. Daarna gaan die kinders speel of gaan op hulle eie voort met 'n aktiwiteit, terwyl die grootmense die onderwerp verder deurgesels.
- Verversings is eenvoudig, maar ons kuier lekker saam.
- Twee- of drie-maal per jaar kom al die groepe saam bymekaar vir 'n familiefees.

MOEDERGEMEENTE Stellenbosch

# Wenke vir families

**Familiegewoonte as ons ry:** Herskryf julle familiestorie as 'n sprokie wanneer julle saam die langpad aandurf. Een van die ouers begin met die woorde: “Eendag, lank, lank, lank gelede was daar....” Op die manier fokus ons op ons positiewe storie. Hersaamgestelde families kan kies om by die nuwe familie te begin.

**Familiegewoonte as iemand verjaar:** Trek die familie-albums nader en herleef die storie. Ook die storie van geliefdes wat al oorlede is. Dit kan 'n wonderlike herinneringsmoment wees

**Familiegewoonte met huweliksherdenkings:** Haal julle trou-albums uit en vertel weer vir die kinders of kleinkinders hoe julle mekaar ontmoet het. Vertel die storie van die huweliksdag.

**Familiegewoonte as ons deur moeilike tye gaan:** As Oupa en Ouma kom kuier, moedig hulle aan om stories uit hulle kinderdae en ook uit hulle ouers se kinderdae te vertel. Vra hulle uit na moeilike tye en hoe die Here hulle toe gehelp het.

**Familiegewoonte as dit reën:** In die reënseisoen is daar mense wat spesifieke nood ervaar as gevolg van die onweer. Gebruik as familie 'n reëndag en pak julle huis reg en skenk alles wat nog bruikbaar is vir mense in nood.

**Familiegewoonte by etenstye:** Steek 'n kers aan tydens 'n ete op 'n dag om mekaar te herinner aan die teenwoordigheid van die onsienlike God wat in ons lewens betrokke is.

**Familiegewoonte waar ons tyd maak vir mekaar:** Maak 'n spesiale afspraak met elkeen van jou kinders waar jy aan elkeen alleen en spesiale aandag gee. Maak 'n afspraak met jou lewensmaat en gaan drink saam koffie en gee jou onverdeelde aandag aan hom/haar. Verras 'n oupa of ouma met 'n oproep, of selfs 'n broer of suster.

**Familiegewoonte waar ons saam God ontmoet:** Laat elkeen in die familie vertel wat sy gunsteling-Bybelstorie en Bybelteks is. Vra uit na die rede hiervoor.

# Familieomgeegroepe
# “Ons waardeer mekaar”

**Hoe om die byeenkoms in te rig**

- Maak vooraf seker almal weet wanneer en waar die byeenkoms gehou sal word.
- Maak die huis lekker gesellig (‘n kaggel as dit koud is en kan, musiek wat speel, ensovoorts).
- Besluit of julle vooraf iets gaan saam eet of na die saampraat. Dikwels is die kinders honger as hulle kom en is dit goed om eers saam te eet. Julle sou natuurlik kon besluit almal eet by die huis en ons drink net koffie of eet poeding saam. Ons beveel egter aan dat daar lekker saamgekuier word. Hou die eetgoed egter eenvoudig (in die winter, tipies sop en brood, hotdogs vir die kinders). Julle kan ook afspreek dat elkeen iets bring, maar ons vind dis beter as mens eerder die bymekaarkomplek tussen die huise roteer en die gasheer/vrou dan maar vir daardie aand verantwoordelikheid neem.

**Ysbreker**

- Die sameroeper verwelkom almal hartlik.
- Vir ‘n ysbreker kan die sameroeper vir die kinders sê dat hy/sy nou aan iets dink en dat hulle vir hom moet vrae vra tot hulle kan raai wat dit is. Dit moet vrae wees waarop hy/sy net ja of nee kan antwoord (bv lewe dit of is die dood, kan mens dit ronddra, ens).
- Waaraan jy dink is ‘n Bybel.
- Speel nog ‘n rondte. Waaraan jy nou dink is ‘n blommetjie.
- Wys vir hulle ‘n “daisy” blommetjie. Vra of hulle al gesien het dat ‘n seun of ‘n meisie die blaartjies een vir een uitpluk. Verduidelik dat hulle dit doen om dit hulle die “He loves me, he loves me not” speletjie speel. Verduidelik dan dat die Bybel sê God se speletjie werk anders: “He loves me, He loves me, He loves me” – altyd “He loves me”, want ek is vir Hom spesiaal.
- Lees vir hulle Jes 43:1 “Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne”. Laat hulle almal die versie uit hulle koppe uit agter jou aansê.

**Sang**

- _ As iemand kan klavier of kitaar speel, is dit wonderlik, maar dis nie nodig nie!

**Lief en leed**

- Sonder om die kinders in die verleentheid te stel, vra vir hulle wat was die “highs” van die dag of die week en wat was die “lows”. Laat die ouers help as die kinders skaam is, bv “Petru het vandag sy beste tyd ooit in die vryslag geswem. Karin is vandag bietjie siekerig.”

**Gebed**

- Vra een van die ouers om vir die kinders ‘n kort gebed te doen.

**Gesinsoefening**

- Skryf elke gesinslid se naam op A5 grootte naamkaarte en steek dit met haakspeldjies vas.

- Gesinslede sit almal in 'n kring.
- Elke gesinslid kry 'n beurt om met sy rug na die gesin te sit, nadat hy/sy hul naamkaartjie oorhandig het aan 'n gesinslid wat kan skryf.
- Skryf nou voorop die naamkaartjie neer al die positiewe eienskappe waarvan julle van die persoon hou.
- Die persoon wat met sy rug na die gesin sit, mag nie enige kommentaar lewer oor die positiewe eienskappe wat die gesin opnoem nie. Hy/sy mag net luister.
- Die heel kleintjies is dikwels 'n bietjie skaam omdat hulle nie weet wat gaan gebeur nie. Dit sal dalk goed wees as die ouers die eerste die bal aan die rol sit.
- Gee die naamkaartjies terug aan die persoon en dan is dit die volgende gesinslid se kans.

**Kers aansteek**

- Verduidelik dat as ons die kers opsteek, beteken dit die grootmense moet nou 'n bietjie met mekaar gesels en dat die kinders nou kan gaan speel of DVD kyk of 'n prent inkleur. Sorg dat daar fasiliteite gereed is vir hulle. As die prent ingekleur word, kan die kinders aan die einde weer geroep word om hulle prente te kom wys. Daar moet natuurlik dan kryte beskikbaar wees en genoeg kopieë van die prent.

**Gesels oor die vraag:**
***Hoe kan ons in ons gesinne die gewoonte aanleer om mekaar te waardeer?***

**Idees**

- Deel een dag 'n week toe aan elke gesinslid as haar of sy "spesiale dag". Dink aan maniere om die dag vir hom of haar spesiaal te maak.
- Neem foto's, voetafdrukke, pers blare van groot dae en begin 'n "storie-kis".
- Gaan na mense wat haar ken en vra hulle: wat waardeer jy in haar? Neem dit op video en kyk dit saam as gesin. Of gebruik 'n bandopnemer en kamera.
- Skryf vir hom 'n "Brief van God". Waarin jy al die goeie goed wat God deur Hom vir jou gee beskryf (Jes 43:1, Jes 43:4; Saf 3:17, I Kor 1:9 en Hos 11:3, Hos 5:3, Jes 58:2, Ps 27:5, Klaag 2:19 en Hand 3:19).
- Maak 'n kaartjie waarin jy die sinnetjies voltooi: "Ek het vandag aan jou gedink en …", "Ek is bly jy is deel van ons familie omdat ..."
- As julle in die motor ry – speel 'n waardeerspeletjie: "Kom ons kyk hoe vinnig kan ons 10 goeters noem wat ons van Pieter waardeer." Of 'n "ken jou familie" speletjie: "Wie weet watter kleur is Gerda se tandeborsel," "Wat is Pappa se gunsteling kleur?" ensovoorts.

**Gebed**

- Laat een persoon afsluit met gebed waarin hy/sy die Here vra om in ons gesinne te leer om mekaar te waardeer en lief te hê soos Hy ons lief het.

**Ander reëlings**

- Vertel vir mekaar wat julle gevoel en verwagting rondom die familieomgeegroep is.
- Besluit oor watter ritme julle wil volg en wanneer en waar julle volgende byeenkoms gaan wees.
- Koffie vir iemand?

# Familieomgeegroepe
# "Ons vertel stories"

**Hoe om die byeenkoms in te rig**

- Maak vooraf seker almal weet wanneer en waar die byeenkoms gehou sal word.
- Maak die huis lekker gesellig ('n kaggel as dit koud is en kan, musiek wat speel, ensovoorts).
- Besluit of julle vooraf iets gaan saam eet of na die saampraat. Dikwels is die kinders honger as hulle kom en is dit goed om eers saam te eet. Julle sou natuurlik kon besluit almal eet by die huis en ons drink net koffie of eet poeding saam. Ons beveel egter aan dat daar lekker saamgekuier word. Hou die eetgoed egter eenvoudig (in die winter, tipies sop en brood, hotdogs vir die kinders). Julle kan ook afspreek dat elkeen iets bring, maar ons vind dis beter as mens eerder die bymekaarkomplek tussen die huise roteer en die gasheer/vrou dan maar vir daardie aand verantwoordelikheid neem.

**Ysbreker**

- Reël vooraf met elke familie dat die kinders elkeen 'n hemp, skoen, hoed, rok, juwele (enige kledingstuk) van Ma of Pa saambring/aantrek wat 'n storie vertel wat die ouers voor die tyd met hulle kinders deel. Gee nou aan elkeen van die kinders 'n kans om te vertel hoekom hulle daardie spesifieke hemp/broek/juwele/hoed van Pa/Ma aangetrek het en wat die storie daaragter is.
- Leer **Deut 6:5** vir die kinders:
  *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele lewe. Dit moet jy onthou en nie vergeet nie!*

**Sang**

**Lief en leed**

- Sonder om die kinders in die verleentheid te stel, vra vir hulle wat was die "highs" van die dag of die week en wat was die "lows". Laat die ouers help as die kinders skaam is, bv "Petru het vandag sy beste tyd ooit in die vryslag geswem. Karin is vandag bietjie siekerig."

**Gebed**

- Vra een van die ouers om vir die kinders 'n kort gebed te doen.

**Gesinsoefening – Ons onthou...**

- Benodigdhede:
  - 'n Blaaibordvel of 'n A3 karton vir elke gesin
  - Koki-penne of vetkryte
  - Kreatiwiteit van elke gesinslid
- Elke gesin kry nou kans om vir die volgende 20 min hulle storie neer te skryf vandat Pa en Ma mekaar ontmoet het tot nou.
- Verdeel die papier/karton in drie kolomme
  - Kolom 1: Jare – Hier skryf jy die jaartal [Net die hoogtepunte van die storie word opgeteken en nie elke jaar nie]

- Kolom 2: Beskrywing van die hoofstuk [Gee die hoofstuk van daardie spesifieke jaar 'n kreatiewe naam]
- Kolom 3: Teken 'n prent wat die inhoud van die hoofstuk beskryf

- Probeer so 10 hoofstukke neerskryf.
- Gee julle storie 'n naam.
- Besluit hoe julle die storie aan die res van die groep gaan verduidelik – betrek die hele gesin.
- Gee elke gesin kans om hulle storie te vertel.

**Kers aansteek**

- Verduidelik dat as ons die kers opsteek, beteken dit die grootmense moet nou 'n bietjie met mekaar gesels en dat die kinders nou kan gaan speel of DVD kyk of 'n prent inkleur. Sorg dat daar fasiliteite gereed is vir hulle. As die prent ingekleur word, kan die kinders aan die einde weer geroep word om hulle prente te kom wys. Daar moet natuurlik dan kryte beskikbaar wees en genoeg kopieë van die prent.

***Wanneer ons die verlede onthou, herinner dit ons aan die pad wat God met ons loop – so leer ons Hom ken en verstaan ons onsself beter***

**Gesels oor die vraag:**
***Hoe kan ons in ons gesinne die gewoonte aanleer om ons stories vir mekaar te vertel ?***

**Idees:**

- By verjaarsdae kyk ons na die foto's van die geboorte en vertel die storie.
- By huweliksherdenkings kyk ons na die troualbum en vertel die storie van die huweliksdag.
- As Oupa en Ouma kom kuier, moedig hulle aan om stories uit hulle kinderdae te vertel. As Ouma en Oupa reeds oorlede is, vertel stories van hulle op hul verjaarsdae.
- As julle ver ry, skryf die familieverhaal oor as 'n sprokie. Begin met die woorde: "Eendag lank-lank gelede ..."
- As julle Bybelverhale lees, vra: "Hoe is hierdie verhaal en ons familie se verhaal dieselfde?"
- Vertel vir mekaar hoe God in moeilike tye vir julle gesorg het.
- Wanneer julle saam eet, vertel die "highs" en "lows" van die dag vir mekaar.
- Maak 'n familie-fotoboek en skryf julle vakansiestories neer.
- Begin 'n dagboek vir elke kind (reeds voor hulle geboorte) en skryf gereeld daarin. Lees dan daaruit op spesiale dae soos wanneer hulle verjaar.

**Hoe laat hierdie gewoonte ons geloof groei?**

- Dit bring 'n hegter eenheid en gevoel van uniekheid in die familie.
- Die familie verstaan waarheen God met hulle op pad is (roeping) beter.
- Die familie leer om wanneer dit moeilik gaan, op God te vertrou.
- Die familie ontdek die verbande tussen die Bybelverhale en hulle eie storie.

**Gebed**

- Laat een persoon afsluit met gebed waarin hy/sy die Here vra om in ons gesinne te leer om die stories van die verlede te onthou en God daarin raak te sien..

**Ander reëlings**

- Besluit wanneer en waar julle volgende byeenkoms gaan wees.

# Familieomgeegroepe
# "Ons droom saam"

**Die byeenkoms word ingerig op dieselfde formaat as die vorige kere**

**Benodigdhede**

- Sak goedkoop lekkers vir die ysbreker.
- A3 papier (by die kerkkantoor beskikbaar)
- Vetkryt

**Ysbreker**


- Hoekom is jou gesin of pappa of mamma of boetie of sussie "cool"?
- Hoekom is God "cool"?
- Elke antwoord kry 'n lekkertjie.

**Sang**

**Gebed**

***Voorbeeld van 'n familievisie***

***Ons gesin is 'n hawe***



*Waar ons by God skuil*
*Daarom is Jesus ons Kaptein*
*Waar ons by mekaar skuil*
*Daarom maak ons tyd vir mekaar*
*Daarom wys ons dat ons vir mekaar lief is*
*Daarom lag ons saam en huil ons saam*
*Waar ander kan kom skuil*
*Daarom sien ons as ander swaarkry en help ons hulle*

**Gesinsoefening**

- Elke gesin dink aan 'n paar geleenthede waar hulle gedink het hulle is 'n "modelgesin" – sê ook hoekom julle so dink. [bv: toe ons gaan kamp het en almal lekker "fun" gehad het; toe Mamma siek was en ons almal in die huis gehelp het]
- Elke gesin probeer op soveel moontlik maniere die sin voltooi: "Ons wil 'n gesin wees ..." [bv: ...waar ons tyd maak vir mekaar; ...waar ons mekaar help; ...waar ons omgee vir ander mense]
- Elke gesin probeer nou 'n beeld kry waarmee hulle kan identifiseer, deur die sin te voltooi: "Ons gesin moet wees soos ..." [bv: 'n hawe, 'n kaggel, 'n pad, 'n venster, 'n boom]
- Elke gesin teken nou 'n prent van wie hulle wil wees en skryf onder wat die prent beteken. Bv:

**Die sameroeper kan by die verskillende gesinne omgaan en 'n "onderhoud" voer**

- "Wat maak van julle 'n lekker gesin?"
- "Watter soort gesin wil julle wees?" ensovoorts

**Wat sê die Bybel wie is ons?**

- 1 Petrus 2:9 “Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.”

**Kers aansteek**

- Kinders gaan speel en/of
- Gaan teken nog prente van die gesinsimbool
- en/of kyk DVD/Video (Bybelstories by die kerkkantoor beskikbaar)

**Gesels oor die vraag:**
***Hoe kan ons in ons gesinne vanuit ‘n familievisie leef?***

**Idees**

- Elke gesin is uniek en het sy eie storie. Elke gesin het daarom ook unieke drome van waarheen hulle op pad is en wie hulle wil wees.
- Skep geleenthede waar gesinslede kan gesels oor die soort gesin wat hulle wil wees en waar hulle ervaar julle reeds die soort gesin is.
- Bou julle drome met klei, teken dit, mimiek dit, ensovoorts.
- Maak ‘n lys van eienskappe wat julle wil hê mense in julle gesin moet kan sien.
- Lamineer julle wapen of tekening en sit dit oral in die huis.
- ‘n Familievisie help ons om te fokus. Dit help ons om te verstaan dat ons anders is, dat ons geroep is en watter verskil ons moet maak.
- Dit maak ons sensitief vir die pad wat die Here met ons familie stap.

**Lief en leed**

- Deel hierdie keer sonder die kinders met mekaar waarvoor die groep vir julle gesin kan bid.

**Gebed**

- Laat uit elke gesin een persoon bid vir die gesin aan sy/haar linkerkant. Bid veral rondom daardie gesin se visie – dat die Here hulle sal help om volgens sy droom vir hulle gesin te lewe.

**Ander reëlings**

- Vertel vir mekaar wat vir julle positief was in julle familiegroep die afgelope tyd.
- Besluit wanneer en waar julle volgende byeenkoms gaan wees.

# Familieomgeegroepe
# “Ons maak tyd vir mekaar”

**Die byeenkoms word ingerig op dieselfde formaat as die vorige kere.**

**Benodigdhede**

- Glasbak
- 2 pakke marshmellows
- genoeg smarties [wat oefening sal laat werk]

**Ysbreker**

- Laat die kinders om die tafel kom staan waar die kers altyd op staan. Neem ‘n leë glasbak en gooi hom half met smarties. Verduidelik dat die smarties al die klein dingetjies in ons lewens is waarmee ons ons besig hou bv skool toe gaan, huiswerk doen, sport (dis ook belangrike goed, maar die alledaagse goed wat ons doen sonder dat ons eintlik daaroor dink).
- Neem nou twee pakke mashmellows en gooi dit in die bak met smarties. Die marshmellows, wat groter is as die smarties, dui op die belangrikste goed in ons lewens – die beginsels en waardes waarmee ons gesin lewe.
- Niks marshmellows mag oor die rand uitsteek nie – dis veronderstel om net gelyk met die rand van die bak te lê. Daar is egter te veel, want daar steek ‘n klomp oor die rand, val miskien uit.
- Haal nou die marshmellows uit. Gooi die smarties uit in ‘n kleiner bak. Gooi nou die marshmellows eerste in die glasbak en gooi daarna die smarties terug saam met die marshmellows. Als pas nou mooi in die bak – die smarties val mooi tussen die marshmellows in en vul al die gaatjies op. [Oefen dit voor die tyd by die huis dat jy die regte hoeveelheid marshmellows en smarties gebruik wat die eksperiment sal laat werk].
- Die les wat ons leer: As ons eers die belangrike goed in ons lewens in plek het, dit doen, daarvolgens leef, het ons krag en energie om ook by die alledaagse dinge uit te kom en af te handel.
- Gooi die lekkers op die mat uit en gee kinders kans om vir hulle te vat – so lekker bederfie waarmee ons die aand begin.

**Sang**

**Lief en leed**

- Elke gesin kry geleentheid om met die groep te deel wat die lekkerste ding was wat hulle gesin die afgelope maand saam gedoen het. Deel ook met die groep waarmee julle gesin nou die meeste sukkel – moedig die kinders aan om te praat.

**Gesinsoefening – ons maak TYD vir mekaar . . .**

- *Tyd*, sê iemand die ander dag, is besig om ons grootste geldeenheid te word. In ons gejaagde lewe is dit ons skaarste item – almal kla dat hulle nie TYD het nie. Wat ons dikwels vergeet, is dat dit die manier is hoe ons kinders liefde spel – TYD. Die manier hoe ons dit vir mekaar kan gee binne ons gesinne is om na mekaar te *LUISTER* en om fisies *DAAR te WEES.*

- Kom ons help mekaar om **beter te luister**.
  - Elke familie sit iewers in die vertrek/of buite waar julle vergader bymekaar, bietjie weg van die ander gesinne. Die kinders kry elkeen kans om te vertel wat vir hulle die slegste ervaring die afgelope week was. Pa en ma se taak is nou om empaties te luister en dit in te oefen. Hoe doen ons dit? Luister mooi wat boetie of sussie sê. EGO sy/haar woorde: *Ek hoor by jou dat dit vir jou baie sleg was toe Francois nie sy lekkers met jou wou deel nie.* Probeer die emosie vasvang en sê dan bv *Pappa hoor dat dit wat met jou gebeur het, vir jou baie sleg was, en ek kan sien dat dit jou hartseer maak, kwaad maak, jou frustreer . . .*
  - Julle sal agterkom dat wanneer jy op hierdie manier luister, jou kind ervaar dat jy dáár is, en sommer dadelik meer goed begin vertel; omdat hy/sy regtig ervaar dat jy hoor. Moenie wil raad gee, of jou opinie oor die saak lug of 'n waarde oordeel maak nie. Leer om onbevange te LUISTER. Dis die begin van kwaliteit tyd! Gee al die kinders kans om hulle stories te vertel. As almal 'n kans gehad het, sê vir mekaar hoe het dit gevoel om gehoor te word.
- *TYD* beteken ook om **dáár** vir mekaar **te wees**, lekker goed saam te doen. 'n Goeie begin kan wees dat Pappa en Mamma hulle daartoe verbind om elke dag 10min onverdeelde aandag aan elke kind te spandeer. Sê wat jy graag wil hê Pappa en Mamma hierdie week saam met jou moet doen in daardie 10min wat jy onverdeelde aandag van hulle gaan kry.
- Terug in die groot groep: Gee vir 'n paar mense kans om te sê hoe hulle die luister-oefening ervaar het. Deel ook met mekaar hoe julle julle 10min/kind per dag kwaliteit tyd gaan inruim.

**Gebed**


- Vat hande in 'n groot kring. As 'n gebed en 'n verbintenis, gee geleentheid dat enige een soos hy/sy wil 'n woord sê waarvoor jy meer tyd sal wil maak. As dit stil raak en almal 'n kans gehad het, sluit die groepleier af met 'n gebed waarin jy vra dat die Here julle die week sal help om daarby te kan uitkom, en julle spesifiek sal help om beter na mekaar te luister.

**Kers aansteek**

- Kinders gaan speel en/of kyk DVD/Video [Bybelstories beskikbaar by die kerkkantoor]

**Gesels oor die vraag:**
***Hoe maak ons tyd vir mekaar?***

- Verduidelik die familie-beplanningswiel
  - Evalueer
  - Herinner mekaar aan die gesin se simbool – wie wil ons as gesin wees? Wat is ons waardes?
  - Verhoudings – aan watter verhoudings wil ons/ek die week bou?
  - Bagasie – Wat in ons program is oorbodig? Wat sal ek moet minder maak sodat ek aan bogenoemde verhoudings kan bou?
  - Skeduleer – haal uit die dagboek en vul in in jou dagboek wanneer ek aan watter verhouding gaan werk [sluit die 10min kwaliteit tyd met elke kind en Pa/Ma in].
  - Hou beloftes – geskeduleerde afsprake moet nagekom word.




- Nog idees om te leer om meer tyd vir mekaar te maak
  - Eenkeer per week is Pappadag/Mammadag. Op hierdie dag kry een van die kinders 'n kans om iets lekkers saam met Pappa/Mamma te doen bv roomys te gaan eet, iewers te gaan koffie drink in 'n koffiewinkel, te gaan rondstap in 'n museum. Moenie doen wat jy as ouer graag gedoen wil hê nie. Vra vir jou kind wat hy/sy dan wil doen. Dit hoef nie altyd geld te kos nie. Wees kreatief! Dis belangrik dat jy ook dit in jou dagboek skeduleer.
  - Skeduleer jou kinders se sportbyeenkomste/wedstryde in jou dagboek. Probeer so ver as moontlik om dit by te woon.

***Families kry dit net reg om die ander gewoontes te leef wanneer hulle hulle lewens en tyd inrig vanuit hulle geloofsprioriteite.***

**Hoe laat hierdie gewoonte ons geloof groei?**

- Dit leer families om hulle lewens in te rig aan die hand van geloofsprioriteite (Mat 6:33).
- Dit help ons om tyd te maak vir ander geloofsgewoontes.
- Dit help ons om nee te sê vir aansprake op ons tyd en energie wt ons nie opbou nie.
- Dit help ons om te leef dit wat ons bely.
- Dit bring balans en heelheid in ons gejaagde lewe.

**Gebed**

- Laat een persoon afsluit met gebed waarin hy/sy die Here vra om in ons gesinne te leer om te onderskei wat die belangrike dinge in ons lewens is en om dit te doen.

**Ander reëlings**

- Besluit wanneer en waar julle volgende byeenkoms gaan wees.





# Familieomgeegroepe
## “Ons vier fees”

**Benodigdhede**

- 20-30 items, lysie van die items en doek vir ysbreker
- Stokkielekker of fizzer vir elke kind
- Liederebladsye
- Materiaal indien die simbole gemaak moet word.

**Ysbreker**

- Sit 20-30 klein items onder ‘n doek. Laat die kinders almal so gaan staan dat hulle dit sal kan sien. Lig die doek op vir 10-20 sekondes. Maak weer die items toe. Hou ‘n lysie byderhand en merk af soos wat die kinders die items uitroep. Kyk hoeveel hulle kan kry. Gee vir elkeen ‘n stokkielekker of fizzer as “prys”.
- Verduidelik vir hulle dat mens maklik vergeet en herinner moet word aan goed wat belangrik is. Ons gaan vanaand praat oor hoe om belangrike goed in ons families te onthou.

**Sang**

**Deel met mekaar**

- Elke gesin kry geleentheid om met die groep te deel
    - wat hulle wens hulle meer dikwels as gesin kan doen.
    - wat die kinders wens die ouers meer dikwels sal doen
    - wat die ouers wens die kinders meer dikwels sal doen

**Ons leer om fees te vier met rituele en simbole**

*‘n Vieringsgeleentheid is enige geleentheid waar ons as familie terugdink aan iets en dan iets saam doen of bly is daaroor. Dis ONTHOU en FEESVIER. So groei dankbaarheid en vreugde in ons lewens en dit bind ons as familie saam.*
*Ons praat vanaand oor TWEE soorte vieringe.*
1. *vieringe van “groot dae” in ons familie*
2. *vieringe van die feeste van die Kerkjaar*

- Elke gesin maak ‘n lys van “groot dae” in ons familie wat ons wil onthou, bv verjaarsdae, doopdae, troudag, Moedersdag, Vadersdag, troeteldierdag, die dag toe ons getrek het. Langs elke “dag” skryf ons neer hoe ons dit reeds vier, en hoe ons dit nog lekkerder kan vier.
- Elke gesin voeg by die lys by ander geleenthede wat ons graag spesiaal sal wil maak, byvoorbeeld as ‘n kind klaarmaak met laerskool, Pa-en-Dogter middag, “Ladies night”, “Men’s night”, die eerste vrugte van ‘n seisoen, die begin van die lente, die begin van die jaar. ‘n “Historie-kis” waarin ons dingetjies sit wat ons herinner aan lekker vakansies of iets wat vir elke gesinslid spesiaal is – ‘n geliefkoosde teddie?
- Deel bietjie in die groot groep hieroor.
- Gesels nou oor hoe ons simbole kan gebruik wat ons deur die jaar aan God herinner, bv:
    - Kerstyd: kriptoneel, adventskrans, kersversierings, blou servette
    - Lydenstyd: doringkroon, kruis, purper servette
    - Paastyd: skoenlapper op die deur, kerse, wit servette
    - Pinkstertyd: duif op die deur, rooi servette
- Laat drie kinders die volgende drie verse lees:
    - 2 Sam 24:17-18
    - Rigters 6:23-24
    - Eks 17:15
- Gesels oor die vraag – hoekom het mense “altare” in die Bybel gebou?
    - Om te sê hulle is jammer
    - Om dankie te sê as die Here hulle gehelp het
    - Om te vra dat die Here hulle moet help as hulle bang was

**Maak ‘n simbool**

- As daar tyd is, kan elke gesin nou ‘n simbool vir die betrokke tyd van die kerk se jaar saam maak. Dan moet daar egter voor die tyd die betrokke materiaal gekry word (bv wingerdlote, draad, gom, ens.)

**Gebed**

- Laat een van die kinders vir die Here dankie sê vir ons families en Hom vra om ons te help om maniere te kry om te onthou dat Hy vir ons goed is.

**Kers aansteek**

- Kinders gaan speel en/of kyk DVD/Video [Bybelstories beskikbaar by die kerkkantoor]

**Gesels oor die vrae:**

- Hoe kan ons meer maak van simbole en rituele om God se teenwoordigheid in ons familie te vier en daarvan meer bewus te raak?
- 
- Watter EEN voorstel wat ek vanaand gehoor het, is iets wat ek nou eerste in ons gesin wil gaan toepas?

**Hoe laat hierdie gewoonte ons geloof groei?**

- God is groter as ons begrip – simbole help ons om dit te onthou
- Die verskillende seisoene van die Kerkjaar help ons om te fokus op verskillende kante van ons geloof.
- Simbole help ons om self te onthou, maar is ook ‘n getuienis om vir ander mense te laat sien wie ons in Christus is en hoe belangrik Hy vir ons is.
- Viering van persoonlike feeste (verjaarsdae, graadkry, nuwe werk, verander van skool, trek ens) help mense om lewensfases af te sluit en gereed te wees vir die volgende fase.
- Vieringe help ons om terug te dink aan die goeie dinge wat God al in ons familie se lewe gedoen het. Dit gee ons hoop vir die pad vorentoe.

**Een persoon sluit af met gebed**

**Ander reëlings**

# Familieomgeegroepe
# “Ons ontmoet vir God”

**Benodigdhede**

- ✞ Papier om papier vliegtuigies te vou.
- ✞ Sjokolade (“slab”)
- ✞ Klein kersies (“tea lights”) – soveel soos die aantal mense in die groep .
- ✞ Genoeg klei vir almal in die groep (kan by die kerkkantoor aangekoop word, maar moet vooraf gereël word dat dit bestel kan word)

**Ysbreker**

- ✞ Elke gesin vou hulle eie papiervliegtuig en die kinders versier dit met kleurkryte. Gee julle vliegtuig ’n naam. Die gesin dink vir hulle ’n kreatiewe kreet uit en oefen dit.
- ✞ As almal klaar is, begin die kompetisie. Elke gesin gee eers hulle kreet en met luide toejuiging kry elke gesin dan die kans om hulle vliegtuig te landseer.
- ✞ Die gesin wie se vliegtuig die verste getrek het, kry ’n sjokolade.

**Sang**


**Ons deel met mekaar**

- ✞ Almal, van klein tot groot staan in ’n kring. Elkeen kry ’n kans om ’n kersie aan te steek wat in die middel van die kring uitgepak is, en vertel daarna een iets waar jy die Here die afgelope week gesien of ervaar het.
- ✞ As almal klaar vertel het, vat julle mekaar se hande en bid die Onse Vader gebed hardop saam.

**Ons ontmoet God**

***Groeigeleentheid***: Ons ontdek nuwe kante van geloof en van die werklikheid as mense van verskillende ouderdomme saam stilraak voor God.
***Fokus:*** Ons wil graag beweeg van ’n gesin waar godsdiens geleer word (’n aspek van ons familiewees), tot ’n gesin waar ons verhouding met die Here deursypel na elke aspek van ons mens- en familiewees en dit gelééf word [sien twee verskillende tekeninge onder].





Uit bogenoemde twee prentjies leer mens die volgende:

- ✞ In die eerste prentjie is ”huisgodsdiens” een van die aspekte van die huisgesin, een van die aktiwiteite.
- ✞ In die tweede prentjie is die gesin se verhouding met die Here, hulle geloofspad, ’n integrale deel van die gesin se lewe. In elke aspek van hulle familie-wees staan die Here sentraal. Ontmoetings met God word raakgesien terwyl hulle speel, werk, kuier en in die gemeenskap dien.

**Groepsaktiwiteit**

- ✞ Om ons ontmoeting met die Here te vier, gaan elke gesin ’n uitbeelding van ’n Bybelverhaal met klei uitbeeld – kies enige van die volgende verhale
  - Matt 14:22-32 – Jesus loop op die see
  - Mark 8:34-9:1 – Om Jesus te volg
  - Mark 9:14-29 – Jesus maak ’n seun gesond
  - Mark 10:35-45 – Wie van ons is die belangrikste?
  - Mark 10:46-52 – Jesus genees die blinde Bartimeus
- ✞ Beeld die verhaal só uit dat die raakpunt met waar julle as ’n gesin nou is, sigbaar word – maw die Bybelverhaal en julle gesin se storie moet mekaar iewers ontmoet.
- ✞ **Bv die verhaal van die genesing van die blinde Bartimeus in Mark 10:46-52.** Ons maak ’n kleiman met uit-verhouding-groot-oë, met Jesus se “groot” hand wat sy oë aanraak. Ons omraam die “prentjie” met ’n groot kleibril en maak ook vir elkeen van ons gesin ’n kleibril wat ons opsit wanneer ons ons verhaal vir die res van die groep verduidelik. Die raakpunt van die die Bybelverhaal met ons eie verhaal lê in die “bril”. Ons het die afgelope week gesukkel om mekaar te waardeer en het mekaar soms erg gemis. Die verhaal van Bartimeus se genesing is ’n versugting van ons eie gesin dat Jesus ons oë sal aanraak, dat ons met *sagte oë* na mekaar sal kyk, ander opnuut sal raaksien en Jesus ook op ’n nuwe manier in ons lewens sal ontdek.
- ✞ As almal klaar is, kry elke gesin ’n kans om hulle verhaal met die res van die groep te deel. Laat die kinders ook deelneem in die vertelling.

**Gebed**

- ✞ Elke gesin bid saam om hulle verhaal waarna die kinders gaan speel, DVD kyk.

**Kerstyd**

- ✞ Hierdie gewoonte wil gesinne help om die Bybel op ’n nuwe vars manier te lees en met hulle alledaagse lewe te integreer.
- ✞ Daar bestaan verskillende metodes om ons verbeelding te prikkel en die teksgedeelte kreatief oop te breek:
  - Verf of teken die verhaal
  - Speel met klei (soos ons gedoen het)
  - Skryf ’n dialoog en voer die verhaal op, doen ’n rollespel of mimiek dit.
  - Gebruik musiek – elke lid van die gesin kry ’n instrument – al is dit ’n lepel op ’n koekblik. Maak ’n heilige geraas terwyl julle ’n bekende loflied sing.
  - Skryf julle eie Psalm
  - Brueggemann het gesê: Hoekom lees ons die Bybel? Dit gee ons ’n vars perspektief op die realiteit – God se perspektief.


**Hoe laat hierdie familiegewoonte ons geloof groei?**

- Die familie leer om elke lid se insigte te waardeer.
- Dit brei die familie se Bybelkennis uit.
- Dit oefen 'n geestelike dissipline waardeur God inspraak kan hê in die familie se lewe.
- Geloofsgroei vind plaas waar families antwoorde soek op onbeantwoorde vrae.

**Afsluiting**

- Bid vir mekaar om hierdie gewoonte te integreer met ons daaglikse lewe.
- Gee reëlings deur vir ons volgende byeenkoms.






# Familieomgeegroepe
# "Ons help mense in nood"

**Benodigdhede**

- Blinddoek
- Stuk tou om hande mee vas te bind
- Groot skinkbord, brood, smeermes, botter, konfyt
- Nat lappie vir die skoonmaak

**Ysbreker**

- Blinddoek een van die kinders en bind 'n ander kind se hande vas met die tou.
- Die een wat geblinddoek is, moet 'n toebroodjie maak. Die een wie se hande vasgebind is moet vir hom/haar verduidelik wat om te doen.
- Herhaal met nog kinders en selfs ook van die volwassenes vir die pret.
- Verduidelik dat ons daar is om mekaar te help. Verduidelik dat ons ook daar is om ander mense te help. Verduidelik dat die Here ons families as instrumente in sy hand wil neem om sy wêreld 'n mooier plek te maak.

**Sang**

**Deel met mekaar**

- Elke gesin gesels eers onderling en kry dan geleentheid om met die groep te deel
  - Wat hulle die afgelope week bly gemaak het
  - Wat hulle die afgelope week hartseer gemaak het
  - Wat hulle die afgelope week kwaad gemaak het
  - Wat hulle die afgelope week bang gemaak het

**Ons leer om ander in nood te help**

- Kyk weer na die familiestorie wat julle in die eerste gewoonte gemaak het. By elke hoofstuk, skryf neer watter positiewe en watter negatiewe ervarings (moeilike tye) julle gehad het. Dit kan ook sonder die oorspronklike familiestorie gedoen word deur doodgewoon 'n lys te maak van alle positiewe en moeilike ervarings en tye wat julle gesin al beleef het.
- Praat met mekaar oor hoe al hierdie ervarings vir julle voorberei om betrokke te raak by mense wat soortgelyke ervarings het of gehad het en praat oor hoe julle dink die Here julle kan gebruik om in daardie mense se lewens 'n verskil te maak.
- Deel dit met die groot groep.

**Kers aansteek**

- Kinders gaan speel en/of kyk DVD/Video [Bybelstories beskikbaar by die kerkkantoor]

**Lees Matt 25:31-46**

- Wat tref julle in die gedeelte – wat dink julle wil die Here vir julle gesin daardeur sê?
- Hou 'n dinkskrum en gee vir mekaar raad oor waar die verskillende gesinne betrokke kan raak by die nood van mense, op grond van die manier hoe die Here hulle in hulle gesinslewens daarvoor voorberei het.

**Hoe laat hierdie gewoonte ons geloof groei?**



- Diensbaarheid help ons familie om ons familievisie te beleef en in praktyk om te sit. Om iets saam vir ander mense te beteken, bring ons as familie nader aan mekaar en laat ons vir God op 'n ander manier beleef.
- Ad hoc diensgeleenthede is soms beter as langtermyn betrokkenheid by aksies en bedieninge wat die familie nie kan volhou nie. Die ad hoc diensgeleenthede moet egter ook deeglik beplan en geskeduleer word.
- Spontane diensgeleenthede moet deurentyd raakgesien word en ons moet mekaar daarop wys en vir mekaar komplimenteer wanneer ons iemand gedien het.

**Een persoon sluit af met gebed**

- Here, ons weet dat swaarkrytye ons voorberei vir wat ons moet doen. Dankie dat U in elkeen van ons krisisse teenwoordig was en ons las ligter gemaak het.

**Ander reëlings**

- Besluit wanneer en waar julle volgende byeenkoms gaan wees.
- Besluit ook watter materiaal julle in volgende byeenkomste gaan gebruik, aangesien die sewe familiegewoontes nou afhandel is.
- 'n Moontlikheid is wel om by die volgende byeenkoms na al die vorige gewoontes weer te kyk en te bepaal wat dit vir ons beteken het en of ons nog op koers is in ons families.

# Families loof die Here saam!

## Loof Hom met die tromme

Loof Hom met die tromme,
Loof Hom met die harp,
Loof Hom met die klinkende simbale.
Alles wat asem het - loof, loof die Heer!
Alles wat asem het - loof, loof die Heer!

Prys Hom met jul stemme,
Prys Hom uit die hart.
Prys Hom in die hemel en op aarde.
Alles wat asem het - loof,loof die Heer!
Alles wat asem het - loof,loof die Heer!

## My God is so groot

My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen! (2x)
Die berge maak Hy, riviere daarby, die see en alles daarin.
My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!

## Ek kyk op na die berge

Ek kyk op na die berge
O waarvandaan sal daar dan hulp kom
My hulp kom van die Here
Wat hemel en aarde kon vorm!

Refrein:

Hy sal nie toelaat dat jy val nie
Hy sal nie toelaat dat jy swig
Want Hy sluimer of Hy slaap nie
Hy laat jou ewig wandel in die lig.
Hy laat jou ewig wandel in die lig.

Bedags sal die son jou nie steek nie
En snags sal die maan jou nie bedreig
Hy sal jou uitgang en jou ingang
beveilig - beskerm - vir altyd!

## My Pa is die Koning

My Pa is die Koning van die Heelal, jy weet
Kom wat wil, ek sal dit nooit vergeet.
Die winde kan waai en die berge kan val
Hy't gesê Hy voorsien en Hy sal!

Ek's die Koning se kind en dit maak my 'n prins
My lewe is Christus selfs die dood is 'n wins
Vir niks is ek bang nie, dit sê ek jou nou
My Pa is die Koning onthou!

## Majesteit

Majesteit, glansryke heerlikheid!
Ons wil Jesus , die koning , hulde bewys!
Majesteit , hemelse heerlikheid!
Van waar ons woon, tot by sy troon, wil ons Hom prys.
Kom ons loof, kom ons besing die
Naam van Jesus !
Kom ons loof, kom ons aanbid die Here ons God!
Majesteit , heilige heerlikheid!
Hy het gesterf, ons heil verwerf, Hy het oorwin!

## Ek weet vir seker

1.
Ek weet vir seker: Jesus is Heer -
Hy het my sonde uit liefde vergeef .
Ek was verlore , maar is gevind ;
nou het ek vrede - ek is Gods kind .

*Refrein*
Hy is my leidsman - Hy laat my leef .
Hy is oorwinnaar - Hy is die Heer .
Uit sy genade , liefde en trou ,
weet ons hoe God sy kinders behou .

2.
Lig is sy las en sag is sy juk .
Hy gee vermoeides die ware geluk .
Selfs as ek struikel , en dit berou -
Hy sal vergewe , Hy bly getrou .

## Leer my u wil , Heer

1.
Leer my u wil , Heer, u doel met my -
U , Pottebakker , met my , die klei .
Vorm my en maak my volgens u wil ;
op U vertrou ek , nederig stil .

2.
Leer my u wil , Heer , u plan vir my ;
laat ek nie doelloos , nutteloos bly .
Hou my erkentlik , Heer , in u werk :
As ek dan swak is , maak U my sterk .

3.
U gee u gawes net soos U wil ;
almal is diensbaar , elk met verskil .
Vul met u Gees my , breekbare kruik ,
dat U my oral nuttig gebruik .

## I'll obey

I'll obey and serve you
I'll obey because I love you
I'll obey my life is in your hands

For it's the way to prove my love
when feelings go away
If it costs me everything I'll obey
If it costs me everything I'll obey

## Lord I lift your name on high

*Engels*

Lord I lift your name on high
Lord I love to sing Your praises
I'm so glad You're in my life
I'm so glad You came to save us

You came from heaven to earth
to show the way
From the earth to the cross
my debt to pay
From the cross to the grave
From the grave to the sky
Lord I lift Your name on high
Lord I lift Your name on high

*Afrikaans*

Ek verhef u Naam, o Heer
Met my lied bring ek u eer
Daar is vreugde in my hart
Want u skenk my nuwe lewe

U't uit die hemel gedaal
Die weg gebaan
Vir my sonde en my skuld
Die prys betaal
Aan die kruis het U gesterf
Deur die graf het U gegaan
Om die weg vir my te baan (2x)

## Shout to the Lord

My Jesus, my Saviour,
Lord there is none like You.
All of my days,
I want to praise
the wonders of your mighty love.

My comfort, my shelter,
tower of refuge and strength,
let every breath,
all that I am,
never cease to worship You.

Shout to the Lord all the earth, let us sing.
Power and majesty, praise to the King.
Mountains bow down and the seas
will roar at the sound of your Name.

I sing for joy at the work of your hands.
Forever I'll love You, forever I'll stand.
Nothing compares to the promise
I have in You.

## In die hemel is die Heer

*Vers 1:*
In die hemel is die Heer
en sy glans is soos kristal.
Hy's die Heilige van God
en Hy heers oor die heelal.

*Koor:*
Daar is mag in sy Woord
soos die waters druis sy stem.
Soos die son op die see se blou
so die rykdom van sy trou.

Want aan U is die mag
en die heerlikheid en krag.
En aan U is die eer
en die lof, want U regeer.
U regeer!

*Vers 2:*
Met die hemel in gereedheid
sit die engele om sy troon.
Verbysterend sy sieraad
en die weelde van sy troon.

*Koor*

## U is in beheer

U is in beheer, wonderbare Heer
U wat steeds getrou
U skepping onderhou.
U is in beheer, wonderbare Heer
U wat alles vorm tot U eer.

Die oggendson vertoon U heerlikheid,
die sterre in die aand U majesteit.
As ek om my kyk kan ek meer van U begryp,
en ek weet opnuut U is 'n werklikheid.

Net U alleen laat val die vroeë reën,
en U alleen gee lewe deur u Seun.
As ek om my kyk kan ek meer van U begryp,
en ek weet opnuut U is 'n werklikheid.

## We want to see Jesus

We want to see Jesus lifted high
a banner that flies across the land
that all men might see the truth and know:
He is the Way to heaven
We wanna see
We wanna see
We wanna see Jesus lifted high

We're gonna see
We're gonna see
We're gonna see Jesus lifted high

Step by step we're moving forward
little by little taking ground
Every prayer's a powerful weapon
Strongholds come tumbling down
and down and down

## This little light of mine

This little light of mine
I'm gonna let it shine
This little light of mine
I'm gonna let it shine
This little light of mine
I'm gonna let it shine
Let it shine
Let it shine
Let it shine

On Monday I'm gonna let it shine
On Tuesday I'm gonna let it shine
On Wednesday I'm gonna let it shine
On Thursday oh yeah
On Friday I'm gonna let it shine
On Saturday I'm gonna let it shine
On Sunday morning I'm gonna praise the Lord
And let my little light shine

## Come, now is the time to worship

Come, now is the time to worship.
Come, now is the time to give your heart.
Come, just as you are to worship.
Come, just as you are before your God.
Come.

One day every tongue will confess you are God.
One day every knee will bow.
Still the greatest treasure remains for those
who gladly choose you now.

## Al julle volke

Al julle volke klap julle hande
Juig tot eer van God!
verhef julle stem en roem Sy naam
in elke stad op aarde!

*Refrein*
Sing en sing en sing dan saam
Loof en prys sy grote Naam,
want Hy is Koning ewig
in die hemel en op aarde!
Sing en sing en sing dan saam
Loof en prys sy grote Naam,
want die Hemelkoning skenk ons Sy
genade!

Hy is Koning ewig
in die hemel en op aarde!
Die volke kniel, die nasies juig
Oor al sy skeppingsdade

*Refrein*

Ons gaan in sy tempel in
Hy roep ons almal saam
Die skare juig en horings blaas
Ons almal roem sy Naam!

*Refrein*

## Jesus, groot bo almal

Jesus, groot bo almal,
Sterke Verlosser,
Magtige Heer en Heiland
Immanuel - God is met ons
Reddende Here, Lewende Woord.

Here, nie meer twyfel!
Vreugde en blydskap,
lewe in oorvloed gee U.
Immanuel - God is met ons
Reddende Here, Lewende Woord.

Jesus, oor alle grense
reik U bevryding.
U liefde red volkome.
Immanuel - God is met ons
Reddende Here, Lewende Woord.

Here, oral op aarde
lofsing verlostes
U Naam bo alle Name.
Immanuel - God is met ons
Reddende Here, Lewende Woord.

## Kyk hoedat die voëltjies vlieg

Kyk hoedat die voëltjies vlieg –
sommer so, hoog daarbo!
God laat al die voëltjies vlieg –
hoog daarbo!

*Refrein*
Hy doen soveel meer vir my;
ek sal altyd dankbaar bly
en my nie bekommer nie –
Hy's by my!

Kyk hoedat die lelies groei –
in die veld, o, so mooi!
God laat al die lelies groei –
o, so mooi!

## My life is in You Lord

My life is in You Lord
My strength is in You Lord
My hope in in You Lord
In You, it's in You (repeat)

I will praise You with all of my life
I will praise You with all of my strength
With all of my life
With all of my strength
All of my hope is in You

## Wat 'n Vriend het ons in Jesus

Wat 'n Vriend het ons in Jesus
Hy wat in ons plek wil staan;
wat 'n voorreg om gedurig
tot Gods troon deur Hom te gaan!
Hoe verbeur ons tog die vrede,
ag, hoe dikwels ly ons smart,
net omdat ons nie ons node
uitstort in Gods Vaderhart!

As versoeking en beproewing
of as kwelling ons bedreig,
laat ons nooit mismoedig word nie,
laat ons bedes opwaarts styd.
Nêrens is 'n vriend getrouer,
as Hy wat ons node weet;
Jesus voel met al ons swakheid,
en wil deel in al ons leed.

# Notas

MOEDERGEMEENTE
Stellenbosch